Niemand besoek die gemeente nie

We belong to Jesus because He has purchased us by His blood. He will not return or exchange what He has bought. –Anthony Carter

Niemand besoek die gemeente nie

Dit is interessant dat sekere gemeentes gereeld besoekers kry terwyl ander (waarskynlik die meerderheid van gemeentes) feitlik nooit besoekers kry nie. Hoekom? Bill Tenny-Brittian noem vier redes waarom sekere gemeentes gereeld besoekers kry.

- Lewens word verander en mense weet dit

Die bestaansrede vir die gemeente is om dissipels van Jesus Christus te maak. As iemand besluit om Jesus te volg, verander sy lewe – radikaal. Sy gedrag verander; verslawings word oorwin; verhoudings word herstel – sy hele lewe word aangeraak. As 'n lewe verander, hoor mense daarvan en as mense daarvan hoor, kom kyk hulle. Gemeentes waar lewens verander word, sien nuwe besoekers … gereeld.

- Lidmate is opgewonde

Lewensverandering maak mense opgewonde. Dit is nie die enigste ding wat lidmate opgewonde maak nie. 'n Spesifieke gebeurtenis of preekreeks kan die vlak van opgewondenheid in die gemeente laat styg. Gemeentes wat opgewondenheid skep en vertroetel, maak lidmate opgewonde. Opgewonde lidmate nooi besoekers.

- Die gemeente het iets wat die moeite werd is om mense na uit te nooi.

Gemeentes met geteikende eredienste en met uitmuntenheid uitgevoer, sien gereeld besoekers. As ‘n lidmaat of besoeker ‘n erediens bywoon wat by hom aanklank vind en vir hom relevant is, sal hy ander uitnooi om ook die eredienste by te woon. Hy weet dat die erediens ook by hulle aanklank sal vind. Gemeentes baat van ‘n gereelde stroom besoekers as dit geteikende gebeure aanbied – gebeure waarvan lidmate oortuig is hulle vriende ook sal waardeer.

- Die gemeente het besoekers-momentum

Dit word gesê dat ‘n blokkie 2,5 X 2,5 cm ‘n trein kan verhoed om vorentoe te beweeg. As die trein egter aan die gang is, sal ‘n muur dit nie eers keer nie. Gemeentes vind dit moeilik om die eerste klompie besoekers te kry, maar as die besoekers eers kom en uitvind hulle het iets ontdek wat die moeite werd is, nooi hulle ander uit. Nou word dit ‘n stroom besoekers. Besoekers wat terugkeer is die gemeente se doeltreffendste manier om ‘n eksponensiële styging in besoekers te sien. Momentum laat die stroom vinnig toeneem.

Daar is redes waarom sommige gemeentes elke week nuwe besoekers kry. Maak nie saak hoe groot die gemeente is nie, as nuwe besoekers opdaag en terugkeer, gaan die gemeente groei in getalle.